# Wes-Boland Eisteddfod

# VOORDRAG

**MAAK BAIE SEKER DAT HUISTAAL EN ADDISIONELE TAAL GETALLE KORREK INGEVUL IS, ASOOK GETALLE VAN SEUNS EN DOGTERS.**
**GEEN VERANDERINGE SAL TOEGELAAT WORD NIE.**

**KODES**

| | |
|---|---|
| Afrikaanse Poësie | VD1 |
| Afrikaanse Prosa | VD2 |

**KATEGORIE: POËSIE (GEDIGTE - nie gedramatiseerde poësie nie) - VD1**

1. 'n Maksimum van **10 inskrywings** word per graad per skool per afdeling toegelaat, bv. 2 seuns en 6 dogters of 3 dogters en 5 seuns vir Huistaal gr. 8 EN 2 seuns en 6 dogters of 3 dogters en 5 seuns vir Addisionele taal gr. 8. **Skole wat in die hoogste affiliasie-kategorie val (gekombineerde skole uitgesluit) mag 'n maksimum van 12 inskrywings per graad per afdeling inskryf.**
2. Seuns en dogters ding apart mee.
3. Leerders neem in **gewone drag** deel.
4. Alle gedigte is **eie keuse** en moet by die ouderdom, persoonlikheid en ervaringsveld van die deelnemer pas. Dit is die verantwoordelikheid van die deelnemer se afrigter om 'n gepaste gedig te verskaf. Die Eisteddfod verskaf geen gedigte nie.
5. Geen kostuums word toegelaat nie.
6. 'n Leerder mag vir **Huistaal en/of Addisionele Taal** inskryf. Indien hy vir twee tale inskryf, moet een 'n Huistaal wees bv. Afrikaans, en die ander 'n Addisionele Taal bv. Engels.
7. 'n Afskrif van die gedig moet aan die beoordelaar oorhandig word.

**Riglyne ten opsigte van aanbieding**

1. Geen gedramatiseerde poësie word toegelaat nie. Die vak "Drama" se definisie van gedramatiseerde poësie is nie hier 100% van toepassing nie. By die Wes-Boland Eisteddfod word onder "Geen gedramatiseerde poësie" die volgende verstaan:

   - GEEN rekwisiete, hulpmiddels en kostuums word gebruik nie.
   - Natuurlike bewegings wat die aanbieding en vertolking versterk, word wel toegelaat. Sinlose, aangeleerde bewegings wat die aanbieding bederf, is nie aanvaarbaar nie. Geforseerde, onnatuurlike bewegings sal gepenaliseer word.
   - Gebare en bewegings moet spontaan en gemotiveerd wees en tot die minimum beperk word. Inlewing, stembenutting en gesigspel is die belangrikste.

- Let op houding, selfvertroue, inlewing, natuurlike vertolking, gesigspel, stemgebruik, stemkleur, oogkontak, liggaamshouding, artikulasie, atmosfeer, pousering en wisseling van tempo, volume, toonhoogte.

**Afdelings waarvoor ingeskryf kan word:**

| | | |
|---|---|---|
| Graad R | Dogters of Seuns | Huistaal of Addisionele Taal |
| Graad 1 | Dogters of Seuns | Huistaal of Addisionele Taal |
| Graad 2 | Dogters of Seuns | Huistaal of Addisionele Taal |
| Graad 3 | Dogters of Seuns | Huistaal of Addisionele Taal |
| Graad 4 | Dogters of Seuns | Huistaal of Addisionele Taal |
| Graad 5 | Dogters of Seuns | Huistaal of Addisionele Taal |
| Graad 6 | Dogters of Seuns | Huistaal of Addisionele Taal |
| Graad 7 | Dogters of Seuns | Huistaal of Addisionele Taal |
| Graad 8 | Dogters of Seuns | Huistaal of Addisionele Taal |
| Graad 9 | Dogters of Seuns | Huistaal of Addisionele Taal |
| Graad 10 | Dogters of Seuns | Huistaal of Addisionele Taal |
| Graad 11 | Dogters of Seuns | Huistaal of Addisionele Taal |
| Graad 12 | Dogters of Seuns | Huistaal of Addisionele Taal |

**<u>KATEGORIE: PROSA (nie gedramatiseerde prosa nie) – VD2</u>**

1. ‘n Maksimum van **8 inskrywings** word per graad per skool per afdeling toegelaat, bv. 2 seuns en 6 dogters of 3 dogters en 5 seuns vir Huistaal gr. 8 EN 2 seuns en 6 dogters of 3 dogters en 5 seuns vir Addisionele taal gr. 8.
   Skole wat in die hoogste affiliasie-kategorie val (gekombineerde skole uitgesluit) mag ‘n maksimum van 10 inskrywings per graad per afdeling inskryf.
2. Seuns en dogters ding apart mee.
3. Leerders neem in **gewone drag** deel.
4. ‘n Leerder mag vir **Huistaal en/of Addisionele Taal** inskryf. Indien hy vir twee tale inskryf, moet een ‘n Huistaal wees bv. Afrikaans, en die ander ‘n Addisionele Taal bv. Engels.
5. ‘n Afskrif van die prosateks/uittreksel moet aan die beoordelaar oorhandig word.
6. Alle prosa-tekste is **eie keuse** en moet by die ouderdom, persoonlikheid en ervaringswêreld van die deelnemer pas. Dit is die verantwoordelikheid van die deelnemer se afrigter om ‘n gepaste prosateks te verskaf. Die Eisteddfod verskaf geen teks nie.
7. Riglyne ten opsigte van tyd:
   Graad 6-7: 2 – 5 minute.
   Graad 8–12: 3 – 6 minute.

## **Rëels en riglyne ten opsigte van aanbieding**

1. Geen gedramatiseerde prosa word toegelaat nie. Die vak "Drama" se definisie van gedramatiseerde prosa is nie hier 100% van toepassing nie. By die Wes-Boland Eisteddfod word onder "Geen gedramatiseerde prosa" die volgende verstaan:

    - GEEN rekwisiete, hulpmiddels en kostuums word gebruik nie.
    - Natuurlike bewegings wat die aanbieding en vertolking versterk, word wel toegelaat. Sinlose, aangeleerde bewegings wat die aanbieding bederf, is nie aanvaarbaar nie. Geforseerde, onnatuurlike bewegings sal gepenaliseer word.
    - Gebare en bewegings moet spontaan en gemotiveerd wees en tot die minimum beperk word. Inlewing, stembenutting en gesigspel is die belangrikste.
2. Slegs prosatekste mag gebruik word. Deelnemers sal gepenaliseer word indien 'n toneelteks/drama gebruik word. Hierdie is storievertelling sonder die boek.
3. Indien 'n uittreksel gebruik word, moet dit 'n sinvolle geheel vorm – dus 'n definitiewe begin en einde hê.

**Afdelings waarvoor ingeskryf kan word:**

| | | |
|---|---|---|
| Graad 6 | Dogters of Seuns | Huistaal of Addisionele Taal |
| Graad 7 | Dogters of Seuns | Huistaal of Addisionele Taal |
| Graad 8 | Dogters of Seuns | Huistaal of Addisionele Taal |
| Graad 9 | Dogters of Seuns | Huistaal of Addisionele Taal |
| Graad 10 | Dogters of Seuns | Huistaal of Addisionele Taal |
| Graad 11 | Dogters of Seuns | Huistaal of Addisionele Taal |
| Graad 12 | Dogters of Seuns | Huistaal of Addisionele Taal |